

“Daar is net een word vir julle, PUIK. Baie baie dankie vir wat julle alles verlede naweek gedoen het, julle was absoluut puik gewees. Baie dankie vir julle vriendelikheid. Die saal het pragtig gelyk, die kos was onverbeterlik, die troukoek was presies waarna Elzane gesoek het en daarby baie smaaklik. Tot die fynproewers het gebieg oor die die lekker kos.”

Herman en Elsabe Badenhorst

“Vreeslik baie dankie uit die diepte van ons harte vir elkeen van julle wat soveel moeite gedoen het om ons spesiale dag perfek te maak. Ons waardeer julle harde werk en moeite met die troue regtig ongelooflik baie !!”

Peet en Christine

“Alles was perfek, baie dankie vir ons wonderlike troue.”

Charl en Adri

“Sjoe, wat ‘n groot voorreg om hier te kan trou. Julle is stunning!”

Madri en Corne

“Sjoe, die Here is hier.... Dankie vir die excellence waarmee julle ons die naweek gedien het. Dankie vir die heerlike kos en dat julle alles ge-“beautify” het. Dit was heerlik!”

Sumali en Adel

“’n Liefdevolle boodskap kan skaars beskryf hoe julle bygedra het tot ons geluk! “

Bianca en Garrett

“ ‘n BAIE GROOT DANKIE van my en Regardt vir ‘n onvergeetlike naweek!! Ons het elke oomblik geniet van ons spesiale naweek in jul mooi wereld! Dit sou net nie dieselfde gewees het by enige ander venue nie! Julle is verseker die BESTE! Ons gaste kon nie uitgepraat raak oor die ongelooflike mooi venue nie! Dit was als en nog meer waaroor ons gedroom het!”

Regardt en Mari-Louise

“Net weer om baie dankie te se vir al julle moeite die naweek. Die saal het pragtig gelyk en julle diens was puik!! Almal is gaande oor die kos en die venue. Wens ek het nog dogters gehad wat daar by julle kon trou. Julle het dit so maklik vir ons gemaak – ons kon maar net daar wees!! Nogmaals baie, baie dankie! Julle is voorwaar staatmakers.”

Elna Conradie

“Ek en Andre wil net weereens baie dankie se vir alles wat julle vir ons gedoen het. Ons troudag was awesome en dit is direk te danke aan julle.”

Ilse en Andre

“Cara en Wessel se troue was onverbeterlik! Daar is letterlik niks wat nie perfek was nie. Al ons familie en vriende kan nie uitgepraat raak oor die pragtige venue en heerlike kos nie.”

Daleen Dippenaar

“Ons wil net weereens baie baie dankie se vir julle!!! Julle het uit julle pad gegaan om ons tegemoet te kom in alles wat ons van julle gevra het. Julle het altyd geglimlag. Blyplek uitstekend, kos uit die boonste rakke en soveel komplimente vir die kos van die aand met die troue!! Julle mag maar!!!”

Leon en Henda Jurrius

“Michael & Cecile’s wedding was superb and what a wonderful venue for such a special occasion. You can be sure that I will recommend your guesthouse to anyone who wants to stay in that area.”

Liz & Mike Bronn

“Ons wil julle baie hartlik bedank vir die ongelooflike naweek en die mooi troue van ons kinders, waardeer als so opreg en al die harde werk wat julle ingesit het.”

Daleen Bamberger

“Baie dankie dat julle als so goed hanteer en gedoen het, julle het regtig ons dag baie spesiaal gemaak en ek kan regtig nie aan enige iets dink wat eers ‘n bietjie skeef geloop het nie, alles was perfek. Baie, baie dankie, ons waardeer dit opreg!!”

Sanet Lotz

“Thank you for making the time before and the day of the wedding so easy, magical and suiting our wishes and desires. We could never have asked for anything better and everyone complimented everything about the venue, décor, cake and food. Everything ran so smoothly on the day.”

Yolanda and Pierre Marais

Baie dankie vir ALLES! Dankie dat jy ons troue soos die troue van die jaar laat voel en lyk het !! En vir al die “probleme” wat opgelos is sonder dat ek daarvan weet.”

Nettie

“Ek wil net weereens baie dankie se vir al die moeite wat julle gedoen het vir ons troue! Ons het regtig ‘n fantastiese naweek saam met julle gehad, en julle het rerig uit jul pad uit gegaan om dit vir ons spesiaal te maak!”

Marline Ellmer

“DANKIE JULLE, ONS TROUE WAS UITSTEKEND, ALMAL PRAAT MET LOF! Die troukoek was ‘n WENNER asook die BLOMME en KOS, alles was onverbeterlik en jul gasvryheid uitstaande! Sterkte vir jul groot taak. Ons sal jul altyd onthou!

Martie Mynhardt

“Ai, hoe verlang ek sommer vandag weer na die oope ruimtes van Clarens, die mense van Oranje Gasteplaas en ons trou DAG! Dankie dat julle dit vir ons sooo spesiaal gemaak het! Was ongelooflik lekker! Verdien ‘Venue of the Year’ uit en uit!”

Anneke Erasmus

“Baie dankie dat julle ons feestlike plaastroue moontlik gemaak het. Die kos!! Die kerk, die blomme en dekor en die organisasie om al ons idees ‘n werklikheid te maak! Ons waardeer al jul moeite en die ekstra myl wat julle ingesit het!”

Arne en Marile

“Graag wil ek aan elke persoon van Oranje, baie dankie se vir ‘n wonderlike troue. Beter kon ons nie vra nie. Alles was net reg en die organisasie was puik! Dit was vir ons ‘n wonderlike dag en ons het SOVEEL kompinnete gekry vir die kos. Julle is TOPS!!!

Casper en Sarie Claasen

“Weereens baie dankie vir die fantastiese troue wat julle vir ons help reel het. Ons het baie komplimente van ons gaste oor die kos, die diens en die hele setting van Oranje gekry. As julle ‘n bietjie stress op plekke agter die skerms gehad het, het dit glad nie gewys nie en julle het dit goed weggesteek. Dankie vir persoonlike aandag en moeite wat alles so mooi laat loop het.”

Kobie en Elsabe Botha

“Ek wil net baie dankie se vir ons pragtige troue! Dit was alles perfek, so keurig en smaakvol gedoen. Ek kon nie vir ‘n beter span gevra het nie – die blomme was pragtig, die kos was heerlik, die program het gevloei en julle het aan alles gedink! Ek sal julle aan al my ongetrouede vriende aanbeveel!”

Hanre en Andries

“Ek en Ruth wil net vir jou en jou span se dankie vir ‘n ongelooflike troue, alles het so mooi verloop. Dit was regtig nie moontlik sonder julle professionele advies en hulp nie. Alles het ons asems uitgeslaan, die dekor en tafels was great, die verblyf was vyfster, die ontbyt great en mense kan nou nog nie uitgepraat raak oor die kos nie. “

Janel en Ruth

“Vreeslik dankie dat jul ons trouweek so spesiaal gemaak het. Alles was perfek, en Oranje bly die pragtigste venue in die land vir ‘n troue!”

Duard Grobbelaar

“BAIE BAIE dankie namens my en Jaco vir uitstekende diens en ondersteuning voor en gedurende ons troudag. Ons gaste was verbaas oor hoe baie julle ons gehelp het om als reg te kry en ek het baie mooi komplimente oor o.a. die blomme en kos gekry. Julle het alles so mooi interpreteer volgens ons idees en wense.”

Aliza Naude

“Jitte kan amper nie glo my troue is verby nie! Wat ‘n sprokie! Sooo baie dankie vir al julle moeite! Dit was meer as perfek en soo spesiaal. “

Anneri Human

“Baie dankie weereens vir al julle moeite met ons spesiale dag. Ons kry net goeie feedback van die gaste. “

Johannes du Toit

“Ek wil net baie dankie se vir ‘n fantastiese dag, al jul hulp en profesionaliteit. Jy en jou span het waarlik al my verwagtinge oortref! Julle is en was na die troue op almal se punt van die tong. Ek sal julle met groot lof aan enige iemand anders aanbeveel.”

Marina Posthumus

“Weereens dankie vir ‘n ongelooflike troue, almal praat daarvan. Ek kon regtig nie vir ‘n beter venue gevra het nie! Dit was meer as waarvoor ek ooit in my lewe voor kon gehoop het.”

Karin van Eeden

“Ek wil ook net se dankie vir alles. Ek is seker julle hoor dit elke keer na ‘n troue maar ek dink julle diens was besonders gewees, veral die naweek van die troue. Jy weet ek is ‘n perfeksionis en julle het my verwagtinge heeltemal oortref.”

Elouna Alberts

“Ek wil ook vir jou se, die mense praat nou nog van ons troue en hoe mooi die saal en die chapel gelyk het! Ek is so dankbaar dat ek by Oranje getrou het, dis die beste keuse gewees, dit was ONGELOOFLIK! Baie baie dankie vir al jou moeite, ek weet sommer al die ander bruide is net so beindruk met julle diens!”

Jessica Groenewald

“Ek het nie woorde om te beskryf hoe dankbaar ek is nie!! ALLES het seepglad verloop!!! Die mense praat nou nog oor die lekker kos en mooi blomme!! En natuurlik die mooi venue!! Ag ek kry sommer trane in my oë as ek daaraan dink!! Julle is ‘n puik span en kan regtig trots wees op julle werk! Dankie vir al julle moeite, geduld en harde werk!”

Marile Fourie